e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

8 September 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 30

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

God se stem in die stilte

...na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte... Toe hoor hy 'n stem... **(1 Konings 19: 12, 13)**

Daar was 'n sielkundige met die naam Satura wat gesê het dat mense drie basiese behoeftes het: Die eerste is die behoefte om te presteer. Jy wil graag dinge regkry en sukses beleef. Die tweede is die behoefte aan ekstase: Ons wil graag opwinding beleef en dinge geniet. Van albei dié behoeftes kry ons in ons samelewing heeltemal genoeg of dalk selfs te veel. Maar daar is 'n derde behoefte wat min tot geen aandag kry nie, en dit is entase. Dis om na binne te kyk, met jou self en jou binneste besig te wees, om tot rus te kom.

Ons word daagliks blootgestel aan ongelooflike vlakke van geraas. Oor sommige lawaai het ons nie beheer nie, maar ander skep ons vir onsself deur heeltyd klanke om ons te laat klink. Ons word wakker met 'n radiowekker wat lawaai, en deur die dag is ons lewe vol van allerhande klanke. Die lawaai om ons veroorsaak ook 'n onrustigheid, 'n gejaagdheid in ons. Die grootste probleem is nie dat ons programme vol is en dat ons haastig is nie. Die probleem is dat die gejaag en lawaai in ons binnewêreld kom nes maak. Dit word vir ons 'n gewoonte, en so keer haastigheid en geraas dat ons by onsself uitkom.

Baie van ons probleme en siektes en stukkende verhoudings sou anders gelyk het as daar meer stilte in ons lewens was. Daar is 'n verband tussen die groot toename in psigiatriese probleme, die gebruik van medikasie en die gebrek aan stilte. Daarom het die bekende filosoof Søren Kierkegaard gesê: *As ek 'n dokter was, sou my voorskrif wees: Skep stilte.*

Is daar nie dalk ook 'n verband tussen ons gejaagdheid, die geraas in en om ons en ons onvermoë om God se stem te hoor nie?

Jesus het in sy lewe op aarde tyd gemaak om alleen saam met God te wees. Dis soos 'n herhalende refrein in sy bediening: In die openbaar voor die skares, dan tussen sy nabye volgelinge, maar dan altyd weer alleen saam met God. Telkens lees 'n mens dat voor of na afloop van 'n stuk bediening sonder Jesus Homself af (Luk 5: 16). Dis in een van daardie alleentye saam met God in Getsemane dat Jesus sy kruisdood in die gesig staar en opneem. God die Seun het dit so nodig gehad dat Hy sy lewe gerig het volgens daardie behoefte.

Die probleem is dat ons selfs in die kerk eerder nie stilte wil hê nie, maar die stilte wil vul. Selfs die erediens moet die een of ander gebeure wees waar mense konstant iets hoor, iets beleef, iets sien, lekker sing (en daar is nie met een van hierdie dinge op sigself fout nie), maar ons word nie stil en luister nie – en dalk is dit die rede waarom ons nie voel dat ons God hoor nie.

As Elia nodig het om God se teenwoordigheid te beleef, dan is God nie in die wind, die aardbewing of die vuur nie, maar in die *fluistering in die windstilte* (I Kon 19: 11-13). God se stem kom in die doodse stilte.

Is ons lewe so ingerig dat ons programme wys dat dit vir ons belangrik is om God se stem te hoor? Of hardloop ons maar net voort…

Ds Hannes van der Merwe, Pretoria-Oos

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Pieter le Roux

Dr Piet van Staden

Beroep ontvang

- **Prop Pieter le Roux** na Gemeente Heidelberg

Beroep bedank

- **Dr Piet van Staden** van Stellenbosch/Worcester na Harrismith (deeltyds)

Predikant benodig

(Ordinansie 2.1.16)

- **Gemeente Middelburg** benodig die dienste van 'n predikant of proponent **vir 'n periode van 11 maande**. Ds Nicolaas Steenekamp is bevoorreg om saam met sy vrou, Sanet, vir 'n jaar in Denemarke te gaan werk en studeer.

  Die verlangde dienstydperk vir die suksesvolle kandidaat sal wees van 1 November 2011 tot 30 September 2012.

  Gemeente Middelburg is 'n plattelandse gemeente met ongeveer 1 589 siele waarvan die ouderdomsverspreiding soos volg is :

1-25 jaar	26-35 jaar	36-45 jaar	46-55 jaar	56-65 jaar	66-75 jaar	76-85 jaar	Ouer 85
529	178	202	213	207	143	84	33

  Die geskikte kandidaat sal al die pligte van 'n voltydse predikant moet nakom, soos deur die kerkraad vereis.

  Die kerkraad beskou die jeug as 'n baie belangrike komponent van sy verantwoordelikheid. Gevolglik sal die geskikte kandidaat ook daaraan heelwat aandag moet skenk.

  Die kandidaat moet 'n entoesiastiese persoon wees wat ook verpligtinge in ringsverband moet nakom. Die gemeente bied al die basiese voordele van 'n voltydse standplaas, en sal die verhuisingskoste dra soos van toepassing.

  Die kerkraad behou die reg voor om kandidate wat nie 'n CV ingedien het nie, ook te oorweeg. CV's moet die gemeentelike kerkkantoor bereik **voor of op 10 September 2011**. Alle CV's moet gerig word aan **nhkmid@gmail.com**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Etienne en Hanlie Fourie

- **Ds Etienne Fourie** van Gemeente Kempten **se vrou, Hanlie,** is om eenuur Dinsdagoggend 6 September oorlede. Die roudiens vind plaas op Vrydag 9 September om 12:00 in die kerkgebou van Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat, Kempton Park. Die diens sal gelei word deur dr Christo van der Merwe. Ons innige meegevoel gaan aan ds Fourie en hul kinders.

- **Ds Roelf Coertze se moeder, Drienie,** is Saterdag 3 September oorlede. Sy was 'n inwoner van Ons Tuis. Die roudiens was op Woensdag 7 September in Gemeente Montana. Ons bid ds Coertze en die familie die Heer se troos toe.



Ds Willem Kok

- **Prof Lourens Steenkamp** se **emeritaatsfunksie** vind plaas op Sondag 11 September vanaf 11:00 by Gemeente Makarios, hv Lepelaar- en Nagtegalstraat, Birch Acres, Kempton Park.

- **Ds Willem Kok** van Gemeente Potchefstroom is die nuwe **voorsitter van die Sekunduskommissie** van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Hy is verkies nadat dr Frikkie Labuschagne die pos van Sekretaris van die Algemene Kommissie aanvaar het. Die Sekundilede van die Kommissie is deur die 69ste AKV opdrag gegee om as opsig- en tugliggaam op te tree terwyl die Kommissie van die AKV as finale appèlliggaam optree. Ds Kok en die Sekunduskommissie word sterkte toegewens met hul werksaamhede.

- Ds Frans Ras het die beroep na Gemeente Windhoek aanvaar en verlaat **Gemeente Pietermaritzburg** op 31 Oktober. Laasgenoemde gemeente soek dringend na predikante wat een of selfs meer **eredienste** daar kan lei gedurende **Oktober, November en Desember**. Die gemeente wil ook in November met beroepswerksaamhede begin en nooi alle belangstellende predikante om met hulle kontak te maak vir meer inligting. Die traktement is ’n 5/6 skaal. Kontak ds Ras by 082 416 3922 of **fhras@worldonline.co.za**, of Ilze Vorster by 082 302 2569.

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 September**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 8 September: Ds Manda le Roux (Rietspruit)
  - Vrydag 9 September: Ds Louis Venter (Rustenburg-Tuine)
  - Sondag 11 September: Ds Dries Beukes (Swartkop)
  - Maandag 12 September: Ds Mariaan Schutte (buiteland)
  - Dinsdag 13 September: Dr Johann Beukes (Weltevreden)
  - Woensdag 14 September: Dr Hennie Botes (Naboomspruit)
  - Vrydag 16 September: Ds Stoffel Badenhorst (emeritus)

- Die **volgende vergaderings** vind tot 16 September plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 8 September: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 9 September: Kommissie van die AKV
  - Saterdag 10 September: Ondersteuningsraad (Opleiding)
  - Woensdag 14 September: Komitee vir Argief, Museum en Biblioteek; Bestuur van die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 15 September: ADV Dagbestuur; Finkom van die Ondersteuningsraad; Ledevergadering van Ons Tuis



- Die **landwye Bybelvasvra** vind op **Saterdag 10 September** gedurende ’n kamp by Kwaggasrus naby Beestekraal plaas. Sterkte aan al die deelnemers! Vind volledige inligting by **www.konteks.co.za** → inligting en skakels → *Konteks* Bybelvasvra.

- Alle matrieks word hartlik uitgenooi na **Gemeente Philadelphia** se **Matriekwydingsdiens** op **Sondag 25 September om 19:00** in die kerkgebou by Lunnonstraat 127, Hillcrest, Pretoria. Enige navrae kan gerig word aan Esmé Bolton by 012 362 7237.

- Neem asseblief net weer kennis dat die **agendas vir die buitengewone sitting van die AKV** op 4 en 5 Oktober by die Sinodale Kerkkantoor beskikbaar is. Die volgende **ringe** se agendas **is nog nie afgehaal** nie: Chrissiesmeer; Heilbron; Krugersdorp; Lydenburg; Middelburg; Oos-Kaapland; Pretoria; Pretoria-Noord; Pretoria-Wes; Potchefstroom; Wes-Kaapland.



- **46ste Nasionale NHSV Kongres 6 tot 8 Oktober 2011.** Afgevaardigdes na die Nasionale NHSV Kongres word daarop gewys dat Kongresagendas reeds gepos is. Navrae kan aan die NHSV kantoor by 012 325 0117 gerig word. Die volgende is Beskrywingspunte 4, 5 en 6 wat bespreek gaan word tydens die Kongres:

  - BESKRYWINGSPUNT 4 – PROJEK TOEKOMS: Die Hoofbestuur wil intensiewe pogings van stapel stuur om die Beurs- en Leningfonds van die Hoofbestuur uit te brei, sodat Hervormde studente meer baat kan vind by toekennings uit die Fonds. Die NHSV wil 'n bewusmakingsveldtog inisieer en veral toespits op jong Hervormde ouerpare wie se kinders in die toekoms voordeel kan trek uit die Fonds. Hierdie beskrywingspunt sluit baie nou aan by Beskrywingspunt 3 oor die uitbreiding van die Beurs- en Leningfonds.
  - BESKRYWINGSPUNT 5 – ARMOEDEVERLIGTING: Die voortdurende toename in armoede onder blankes asook die agteruitgang van die lewenstandaard in gebiede soos wit plakkerskampe en arm woonbuurte is 'n groot bron van kommer vir die NHSV. Aanbiedinge rakende hierdie beskrywingspunt gaan gedoen word deur diaken Hans van Rensburg van Doulos-armoedebediening en ds Martin en mev Hannetjie Jansen van Rensburg van Gemeente Phalaborwa, laasgenoemde oor vakansiekampe.
  - BESKRYWINGSPUNT 6 – AKKOMMODERING VAN GESTREMDES: Die gestremde en sy of haar gesin verlang ook na 'n verhouding met God. Gemeentes en NHSV takke word opgeroep om 'n omvattende strategie vir die akkommodering van fisies- en emosioneel-gestremdes in plek te kry.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) vind op **Dinsdag 8 en Woensdag 9 November** plaas. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word by Gemeente Wapadrant aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Stel mev Betsie Brits asseblief **voor 25 Oktober** in kennis indien u die kursus wil bywoon: per e-pos by **betsie.brits@up.ac.za** of per faks by 012 420 4303.

  U word vriendelik versoek om die registrasiefooi vooraf elektronies of per bankdeposito te betaal. Die bankbesonderhede is soos volg:
  Kerkgeld vir Kerkwerk
  ABSA
  Rekening nr 020 149 752
  Kode nr 63 20 05
  Verwysing: 2013K VTT gevolg deur die naam van die kursusganger

- **Gemeente Carolina** vier gedurende November hul **75-jarige bestaan**. 'n **Feesblad** word saamgestel vir publikasie vroeg in 2012. Oudlidmate en ander betrokkenes met foto's en staaltjies oor die gemeente se wedervaringe die afgelope 75 jaar kan die gemeente se voormalige predikant, ds Hennie Louw, **voor einde September** by 084 508 7849 kontak. E-pos- en ander besonderhede sal dan aan u voorsien word.

- 'n Ruim **enkelwoonstel** is onmiddellik beskikbaar binne stapafstand van die Universiteit van Pretoria. Die woonstel is geleë op die kerkterrein van **Gemeente Philadelphia** en word verhuur teen R3 500 per maand (water en ligte ingesluit). Daar is veilige parkering vir 'n motor. Skakel Esmé Bolton by die gemeentelike kerkkantoor (012 362 7237) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866) vir meer inligting.

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konsentreer op jou beroep.
Ons sal sorg vir jou finansiële beplanning.

As 'n gegradueerde beroepsmens in eie diens of in diens van iemand anders, het jy baie spesifieke finansiële behoeftes. **Die Cobalt Oplossings vir Professionele Persone** is 'n omvattende reeks oplossings op sake- en persoonlike vlak.

Met oplossings soos 'n **Siektevoordeel** en **Inkomstebeskermer** kan jy jou inkomste beveilig selfs wanneer ernstige siekte en ongeskiktheid dit vir jou onmoontlik maak om jou professionele pligte te verrig.

Alex Heyns
Finansiële Beplanner
044 873 3009 • 083 628 4043
alex.heyns@4sure.co.za

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

Sanlam

Sanlam CI013CS0465BPA

- **LYTTELTON: SELFHELPWOONSTELLE TE HUUR**
  (Soos met verblyf in 'n gastehuis)
  Privaat
  Ruim 2-slaapkamer en 1-slaapkamer
  In veilige omheinde gebied in rustige woonbuurt
  1,8 km vanaf Unitashospitaal
  Sentraal geleë ten opsigte van Centurion-inkopiesentrum en Gautreinstasie
  Nutswinkels en restaurante baie naby
  Volledig toegerus met huishoudelike benodigdhede en omvattende DStv
  Skakel 082 451 9915 of 084 584 3445

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 September: Gemeente Wonderboompoort: Buitelugkonsert**
  Die Campbells, Jeanette van Staden (jodel), Robbie Klay en Ollie die Nar
  Op rugbyveld van Laerskool Boerefort, Wonderboom-Suid
  R60 (kleuters onder 6 gratis)
  Hekke open 16:00, voorkunstenaars tot 19:00, dan Die Campbells
  Veilige parkering, kos te koop, 2 vakansies te wen
  Vir meer inligting en kaartjies, kontak Sieg Schwarzer
  by 083 288 2779 of 012 335 4181
  of Magda Vermaak by 012 335 1129 of 082 550 2975
  Skole, kerke en ander instansies wat help kaartjies verkoop,
  kry 20% van die verkope!

- **Vrydag 9 September: Gemeente Roedtan: Konsert**
  Deel van Feesnaweek 9-11 September vir 50-jaar-viering
  Armand Hofmeyr in die skoolsaal
  Kaartjies R100 per volwassene en R80 vir kinders (sluit 3-gang-ete in)
  Sondag 11 September: Nagmaal saam met oudlidmate en -predikante
  Gedenkplaat word onthul en daarna gratis Feesete
  Deel enige stukkie *onthou* met gemeente, of stuur groeteboodskap
  Navrae aan Hermien by 082 416 7724 of **redinex77@gmail.com**

- **Sondag 11 September 18:00: RDV Noordelike Pretoria**
  Saam met TOIBO en Projek Bartimeus
  Koor van Transoranje-skool en voorlesers van Prinshofskool
  By Gemeente Oos-Moot te Collinslaan 1265, Waverley
  Spaarbussies kan ingehandig word
  Jeug van Magtige Dreuning kom ook bymekaar
  Navrae aan Mario Smuts by 084 663 4109 of ds André Thomas by 083 288 8666

- **Woensdag 14 September: Gemeente Pretoria-Oos: Musiekkonsert**
  19:30, NG Kerk Universiteitsoord, Duxburyweg 105, Pretoria
  Wêreldberoemde orrelis Martin Mans kuier weer in Suid-Afrika
  Hy bring Jantine Kalkman saam wat trompet gaan speel
  Die orrel in Universiteitsoord gaan dreun
  Laerskool Constantiapark gaan die kerk vul met koorsang
  R80 per persoon, R50 pensioenarisse en kinders
  Kaartjies by deure beskikbaar of by Musica Instrumente, Atterbury Value Mart
  Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

- **Sondag 18 September: Gemeente Coligny: 60ste verjaardagviering**
  Gemeentebraai en boeresport na die erediens
  Navrae aan Jan Jordaan by **jsjordaan@telkomsa.net**

- **Vrydag 23 September 20:00: Gemeente Wonderboom**
  Walliese Mannekoor van Suid-Afrika
  Marjoramlaan, Wonderboom
  Deure open 19:30
  Volwassenes R50 per persoon
  Kontak Rina Prinsloo by 012 567 3693 of 072 138 6709

- **Vrydag 23 tot Sondag 25 September: Gemeente Heilbron: Feesnaweek**
  Deel van 100-jaar-viering
  Vrydag 23 September 18:00: Gemeentebraai en konsert by Klipkerkie
  Saterdag 24 September 09:00: Riemland Karnaval by Klipkerkie
  17:00: Voorbereidingsdiens en belydenis van geloof
  19:00: Gelukwensings en groeteboodskappe in kerkgebou – verversings daarna
  Sondag 25 September 09:30: Nagmaal in kerkgebou
  11:30: Dankseggingsdiens en doop in kerkgebou
  13:00: Middagete in Klipkerkie
  Navrae aan ds Herman Gothan, 058 853 1174, 082 773 4740, **hfg@risp.co.za**

- **Sondag 30 Oktober 17:00: Gemeente Wesmoot: Saamsingfees**
  Saam met Hendrik en Marinda
  Kerkgebou, hv Hjalmer- en Attiestraat, Booysens
  Toegang gratis
  Navrae aan ds Fanie Beukes by 012 377 3736 of **faniebeukes@yahoo.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Midrand: Superbru Rugby Wêreldbekerkompetisie**
  Inskrywingsgeld R50, inskrywings **sluit 9 September**
  1ste prys: Ter waarde van R500
  2de prys: Ter waarde van R300
  3de prys: Ter waarde van R100
  Vir meer inligting, stuur e-pos aan **MidrandSuperbru@gmail.com**

- **Gemeente Noordelike Pretoria: 4de Biltongaand: Saterdag 10 September**
  18:30 vir 19:00
  NG gemeente Wonderboom-Suid, 12de Laan 920, Wonderboom-Suid
  GPS S 25˚41´57.8˝ en O 28˚12´20.6˝

Rudi van Niekerk en plaaslike kunstenaars
R100 volwassenes en R50 kinders onder 12
Kontak Sarel Viljoen by 083 554 3397 of Marian Jordaan by 082 937 7562
Bespreking voor 3 September noodsaaklik – geen kaartjies by deur

Basaars en markte

- **Saterdag 10 September: Gemeente Meyerspark: Basaar**
  Kerkterrein Havelockstraat 15, Wilgerpark
  Potjieskoskompetisie met groot pryse
  Kuns- en handwerk te koop, witolifantstalletjie en tombola
  Baie eetgoed, springkasteel vir die kleintjies, gladiator-glybaan vir groter kinders
  Veilige parkering
  Kom stal u kuns- of handwerk uit – bespreek tafel binne saal vir R250 en R150 vir buite
  Skakel Marie by 012 803 7528 of 071 889 2175

- **Saterdag 24 September: Gemeente Leeudoringstad: Doringfees**
  09:00
  Heerlike dag met basaarlekkernye en die beroemde Monati-sosaties
  Met Thys die Bosveldklong
  Toegang gratis
  Kompetisiekaartjies R50
  1ste prys: R5 000 kontant – indien teenwoordig met trekking R10 000 kontant!
  2de prys: 2 slagskape
  3de prys: R1 000 vleisbewys
  Troospryse
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Vrydag 30 September tot Sondag 2 Oktober: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer MTB Classic
  Doornrivier, 9 km op Gaberone-pad R49
  Vrydag Oktober-Bierfees
  Saterdag kwadfiets- en pypkar-wedrenne, kompetisies, vermaak en kos
  Akkommodasie beskikbaar
  Navrae aan ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **barendob@gmail.com** of Joe Salim by 079 857 2478 of **jmsplanning@gmail.com**

ANDER NUUS

- **STEINWAY D-274.** Die Konservatorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk beskik oor ’n Steinway Model D-274 **konsert-vleuelklavier** – reeksnommer 332969 – en bied dit **te koop** aan. Die vleuelklavier kan besigtig word by die Sinodale Kerkkantoor te Dirk van Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Besigtiging moet asseblief per afspraak met mnr Piet Beukes by 012 322 8885 of per e-pos by **piet@nhk.co.za** gereël word. Tenders moet gerig word aan mnr Piet Beukes, Posbus 2368, Pretoria 0001 of **piet@nhk.co.za**. **Sluitingsdatum 15 September 2011.**

- **Linmar Werkskepping** is ’n projek van die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** om vroue te bemagtig, Hulle maak klere soos sweetpakke vir skole en sportinstansies, asook windjakkers, skoolrompe, voorskote en kleuterskoolklere. Hul nuutste produk is oorpakkies (*overalls*) vir kleuterskole. Kontak **Hester Potgieter** by 011 660 5252 of 082 560 4237 met **bestellings.**

- **DPS-STELSEL. Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom.** Datum van diensaanvaarding gedurende Desember 2011 maar verkieslik nie later nie as 1 Januarie 2012. **Aansoeke sluit op 16 September 2011.**

  Vereistes: Getroude egpaar; verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud; lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk; goeie gesondheid; aanvoeling vir kinders.
  Vergoeding: Suksesvolle ouers sal benewens ’n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning binne die DPS-huis ontvang.
  Vir meer inligting, kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Willem Kok by 018 294 4187 of 083 664 0058.

- **Die Ondersteuningsraad** bied weer vir ’n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag ’n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Rustenburg/ Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
  - Maatskaplike Hulpwerkers; areas Krugersdorp en Klerksdorp

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- Die bekende Amerikaanse Bybelvertaler, **prof Eugene Nida**, is op 25 Augustus in die ouderdom van 96 jaar oorlede. Nida het in 1943 by die American Bible Society begin werk, en was in 1946 betrokke by die stigting van die United Bible Societies. Hy het ’n benadering van *dinamiese ekwivalensie* by Bybelvertaling voorgestaan, omdat dit vir hom bo alles belangrik was dat die vertaling vir die teikengehoor verstaanbaar en idiomaties moes wees. Sy benadering tot Bybelvertaling het onder meer invloed uitgeoefen op die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling, en sy woordeboek van Nuwe-Testamentiese Grieks gebaseer op semantiese domeine (saam met prof Jannie Louw, UP) is vir predikante en navorsers van onskatbare waarde.



Prof Eugene Nida

Van hierdie week af stuur ons net ’n volledige weergawe van die *e-Hervormer* uit. Verwittig Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** indien u per abuis meer as een eksemplaar per e-pos ontvang.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906.

GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dr Piet van Zyl, dit is seker die beste en mees vanpaste boodskap in baie jare. Baie dankie. Ons moet net glo en vertrou dat ons predikante en kerkrade die voorblad deeglik sal lees, verstaan en indringend daaraan aandag sal gee. Ek dink nie die boodskap kon op 'n beter tyd aan ons gemeentes, lidmate en die Kerk in sy geheel uitgestuur word nie. Mag die Hemelse Vader die nodige insig en geloof in al ons Hervormers se harte laat groei om so die ondergang van sy kerk te red. God se liefde word u toegebid."

André du Plessis

"Dr Van Zyl se artikel behoort ons ernstig te laat dink oor vernuwing in ons eredienste. Natuurlik is ons stoere Hervormers met 'n eie manier van doen, maar kleiner aanpassings, sonder om van die kernboodskap af te wyk, is noodsaaklik. Ons het onlangs Kinderdiens gehou. Prof Bieks Beukes het by die kinders in die voorste rye gestaan – elkeen met 'n Bybel en 'n spieël in die hand. Die Woord van God is die

spieël wat ons moet wys hoe ons moet lewe. Die kinders kon vrae beantwoord op hul vlak. Nou sien ons uit na Oupa-en-Ouma-Sondag!" *(Verkort)*

Isabel Dirker, Durban-Suid

"Watter pragtige en toepaslike artikel deur dr Van Zyl! Ek bid dat die NHK in sy geheel hiervan kennis neem, dit deurdink en bespreek, en iets daaromtrent doen! Baie dankie vir die ontvangs van die *e-Hervormer* op 'n weeklikse basis – dis 'n voorreg!"

Gerrit du Toit

"Hoe verfrissend was dit om dr Van Zyl van Ermelo se artikel te lees... en toe dié wat dwaas was hulle lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Die olie van die 21ste eeu is geraffineer om nie rokerig te brand nie."

Dr Ernie Jacobson

"Geluk aan dr Van Zyl met sy artikel. Dit is 'n puik omskrywing van hoe ek dink die meeste Hervormers voel. Persoonlik verkies ons as gesin ook die Quartz-horlosie, en dit het ook al vir ons gevoel om eerder na die oorkant van die straat na die nuwer produk te gaan soek. Dit is 'n riem onder die hart om te weet daar is nog Hervormers wat die groter prentjie sien."

Daleen Lindeque

"Die roeping van die kerk is om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig. Wanneer markaandeel begin verkondig word, verskuif die liefde vir God wat ons eerste liefgehad het en wat ons moet dien in die grootste dankbaarheid, na die wêreldse Quartz: 'n kerk waar dit gerieflikheidshalwe mooi en lekker en stimulerend is. Aan wie betoon ons dan dienend ons liefde en dankbaarheid?" *(Verkort)*

Ds Klaas Koning

"Ek stem saam dat ons moet aanbeweeg, maar daar is 'n fiksasie in hierdie verband: Almal wil die formaat van die erediens verander. Iets anders moet verander – ons denkwyse oor dinge. Lidmate aanvaar nie meer die predikant as 'n vaderfiguur nie: Hy is nou maar net ds Pietie. Pietie het sy toga uitgetrek en nou wil hy steeds gemeentelede soos kinders behandel. Aanvaar nou ook maar dat alle dinge in die heelal nie in ses dae geskep is nie. As jy dit voorhou aan 'n gemeente, is jy nie in pas nie en gaan jy lidmate verloor."

Hein Marx

"Daar is tog 'n duidelike verskil wat dr Van Zyl miskyk. Die horlosiemakers het met kliënte te doen, kerklike opsieners het met gehoorsaamheid aan die Woord te doen, al sê die *kliënt* ook wat! Van die herlewingsgemeente Sardis sê God: *...dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood* (Op 3: 1). Ons moet tog die oë op die Skrif hou, nie op die getalle nie." *(Verkort)*

Dr Gideon Grobler, VDM Gelofte Gemeente

"Dr Van Zyl se skrywe laat my wonder: Vergelyk ons ons geloof met 'n stuk tegnologie in 'n industrie wat winsbejag is? Vra ons ooit vir ons Here wat Hy vir sy kerk wil hê? Ons is nie teen verandering nie, maar ons word nou verantwoordbaar gehou vir die vorige regering se optrede. Ek vind my troos daarin dat my God gister, vandag en môre dieselfde gaan wees en nie van my verwag om my teologie en tegnologie te verbeter of te verander om gered te word nie." *(Verkort)*

Piet van Staden, Pretoria-Tuine

AGTERBLAD

SENTIK

Tydskrifte 2012

Konteks R140 vir 10 uitgawes
en R15 per individuele eksemplaar

Konteks is die Kerk se eie gesinstydskrif, en verskyn 10 keer per jaar. Elke uitgawe wil deur teks en beeld inspireer. Met 'n wye verskeidenheid rubrieke word kleuters, kinders, jongmense en volwassenes geakkommodeer. *Konteks* wil soos 'n gesinslid in elke huis wees.

Die Hervormer R100 vir 11 uitgawes
en R10 per individuele eksemplaar

Die Hervormer is die Kerk se amptelike mondstuk, en verskyn 11 keer per jaar. Dit vertel hoe die goeie nuus van die evangelie in ons Kerk grondvat. Dit bied inligting en opinies oor belangrike aktuele sake. In *Die Hervormer* hoor ons die hartklop van die Kerk.

Die gratis *e-Hervormer* versprei weekliks kerknuus, kennisgewings en advertensies by wyse van elektroniese pos. Enigiemand kan gratis daarop inteken.

Met die *e-Hervormer* bly jy op die hoogte van die nuutste gebeure in die Kerk en haar gemeentes.

Bybelse Dagboek/Almanak R110

Die *Almanak* bevat inligting oor al die predikante en standplase van die Kerk, sinodale kommissies en rade, en statistieke van belydende lidmate en gemeentes. Die *Almanak* is onmisbaar vir ampsdraers en lidmate van die Hervormde Kerk, sowel as ander kerke in Suid-Afrika.

Die Kerkjaar vorm die raamwerk vir 2012 se *Bybelse Dagboek*. So word aangesluit by die ritme van die Kerkjaar wat in die prediking op Sondae plaasvind. Die *Bybelse Dagboek* is 'n selfstandige publikasie wat in 'n omkeerformaat saam met die Kerk se jaarboek gebind is.

Vir navrae en bestellings, kontak mev Susann van Zyl
by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of sentik@nhk.co.za

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Frikkie Labuschagne
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx